# Splinternuwe Verhouding

**~ Efesiërs 4: 17 tot 5: 2**

GROEI IN VERHOUDINGS



# Efesiërs 4: 17-32

## *Die ou en die nuwe lewe*

17 In die Naam van die Here doen ek 'n
ernstige beroep op julle: Moenie langer
soos heidene lewe nie. Hulle gedagtes
lei tot niks, 18 hulle verstand is verduister,

GROEI IN VERHOUDINGS



en hulle het geen deel aan die lewe wat God
skenk nie, omdat hulle hardnekkig in hulle
onkunde volhard. 19Hulle het heeltemal
afgestomp geraak en hulle met 'n onversadig-
bare drang aan losbandigheid oorgegee om
al wat vuil is, te doen.

[20]Maar dit is nie hoe julle Christus leer ken
het nie. [21]Julle het tog van Hom gehoor, en
omdat julle Sy volgelinge is, is julle onderrig
volgens die waarheid wat in Jesus is. [22]Hou
dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe
het; breek met die ou, sondige mens in julle
wat deur sondige begeertes verteer word.

GROEI IN VERHOUDINGS



23 Julle gees en gedagtes moet nuut word;
24 lewe as nuwe mense wat as die beeld van
God geskep is: lewe volkome volgens die wil
van God en wees heilig. 25 Noudat julle die
valsheid afgelê het, moet julle onder mekaar
die waarheid praat, want ons is lede van
dieselfde liggaam.

GROEI IN VERHOUDINGS



26 As julle kwaad word, moenie sondig nie,
en moenie 'n dag kwaad afsluit nie. 27 Moenie
die duiwel vatkans gee nie. 28 As iemand ‘n
dief is, moet hy ophou steel; hy moet deur
harde werk op 'n eerbare manier self in sy
lewensonderhoud voorsien; dan sal hy iets
hê om vir die armes te gee.





29 Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom
nie; praat net wat goed en opbouend is volgens
die eis van omstandighede, sodat dit julle hoor-
ders ten goede kan kom. 30 En moenie die Heilige
Gees van God bedroef nie, want Hy het julle as
die eiendom van God beseël met die oog op die
verlossingsdag.

GROEI IN VERHOUDINGS

31 Moet nooit verbitter of opvlieënd wees of
woedend word nie; moenie vloek of skel nie;
moet niks doen wat sleg is nie. 32 Wees goed-
gesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe
mekaar soos God julle ook in Christus vergewe
het.





# *Efesiërs 5: 1-2*

1 Omdat julle kinders van God is en Hy julle
liefhet, moet julle Sy voorbeeld volg. 2 Lewe in
liefde, soos Christus ons ook liefgehad en om
ons ontwil Sy lewe as 'n offergawe gegee het,
ja, 'n offer wat vir God aanneemlik was.

GROEI IN VERHOUDINGS







OLD
LIFE
NEW
LIFE















# Splinternuwe Verhouding

GROEI IN VERHOUDINGS



